

SACTA-HEFFING gee KULTIVARONTWIKKELING 'n hupstoot

Magda du Toit, SA Graan/Grain-medewerker

Meer as R245 miljoen is in die 2023/2024- finansiële jaar deur die Suid-Afrikaanse Kultivar- en Tegnologie-agentskap (SACTA) ingesamel deur middel van die tegnologieheffing.

Tydens sy verwelkomingsboodskap by die SACTA-inligtingsessie wat op 30 Julie plaasgevind het, het Deon van Rooyen, SACTA-voorsitter, gesê die agentskap is in 2016 tot stand gebring om heffings op selfbestuierende gewasse in te vorder en te administreer vir die spesifieke doel van nuwe kultivarontwikkeling en vrystelling van biotegnologie waar van toepassing.

Die tegnologieheffing is van toepassing op koring, gars, hawer, sojabone en lupiene.

Volgens Van Rooyen is die doel van die heffing:

- » om saadmaatskappye aanvullend vir die ontwikkeling van nuwe kultivars te vergoed;
- » om die deregulering van nuwe toepaslike biotegnologie te bewerkstellig; en
- » om innovering en vooruitgang in die hele waardeketting te bevorder.

"As ons die ekonomie in die land 'n hupstoot kan gee, sal dit groot verandering te weeg kan bring in die breër samelewing. Ek is daarvan oortuig dat SACTA 'n ondersteunende rol hierin kan speel. Ons kan help om nuwe tegnologie en produkte na die plaas te bring om so die produsent se produksie te verhoog. So kan ons saam met die breër landbou 'n groot rol speel in ekonomiese ontwikkeling, veral op die platteland," het hy bygevoeg.

Andrew Bennett, hoof- uitvoerende beampte van SACTA, het die totale bedrag wat die afgelope finansiële jaar ingesamel is soos volg opgedeel: R169,25 miljoen is deur statutêre heffings op so-

jaboonlewerings ingevorder, heffings op koring het R63,636 miljoen ingebring, terwyl gars R12,18 miljoen en hawer R680 000 opgelewer het. Hy het verduidelik dat 75% van die totale inkomste wat verkry is, aan saadmaatskappye uitbetaal sal word na gelang van elkeen se bepaalde marktaandeel in 'n spesifieke mark met die oog op die ontwikkeling van nuwe produkte en tegnologie.

Sedert 2018 is daar jaarliks 'n aantal variëteite geregistreer waarvan sommige reeds kommersieel beskikbaar is

Bennett het genoem dat daar in die tydperk van 2016 tot 2024, R666 miljoen aan maatskappye beskikbaar gestel is uit die SACTA-heffings wat ingesamel is vir teling en kultivarontwikkeling. Die bedrag kan soos volg opgedeel word:

- » Sojabone: R287 miljoen
- » Koring: R319 miljoen
- » Gars: R56 miljoen
- » Hawer: R4 miljoen
- » Lupiene: R309 000

Sedert 2018 is daar jaarliks 'n aantal variëteite geregistreer waarvan sommige reeds kommersieel beskikbaar is. "Dit is belangrik om te onthou dat alle nuwe produkte wat ingedien is vir registrasie nog nie kommersieel beskikbaar is nie. Sommige van die produkte word nog in kommersiële proewe getoets," het Bennett verduidelik. ▶



SACTA-raadslede wat die inligtingsessie bygewoon het, is van links: Andries Theron (voorsitter van die Proteïnavorsingstigting), dr Ndumiso Mazibuko, Sandile Mahlangu (transformasiebestuurder by SACTA), Deon van Rooyen (voorsitter van die SACTA-raad), Andrew Bennett (HUB SACTA), Vincent Vacu, Wessel Lemmer, dr Erhard Briedenhann (voorsitter van die Oliesade-advieskomitee en visevoorsitter van die Proteïnavorsingstigting) en Corné Louw (hoof: Toegepaste Ekonomie en Lededienste by Graan SA en SACTA-raadslid).

← SACTA-HEFFING GEE...



Deon van Rooyen; dr Erhard Briedenhann; Corné Louw; Andrew Bennett; Beatrix de Witt (HUB Agri Manage Solutions) en Sandile Mahlangu tydens die paneelbespreking.



Dr Tobias Doyer (HUB van Graan SA) het tydens die paneelbesprekings beklemtoon dat dit vir produsente belangrik is om voortdurende toegang tot nuwe kiemlasma en tegnologie te hê.



Dr André van der Vyver (uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Graan- en Oliesadehandelaars [SACOTA]) het tydens die inligtingssessie genoem dat graanopbrengs oor die afgelope 15 jaar 'n opwaartse neiging toon, veral in die geval van sojabone. Hy glo dat die tendens sal voortduur en het ook genoem dat sojabone 'n belangrike rol in gewasrotasie speel.

👁 In 2018 het twaalf nuwe koring en tien nuwe sojaboonprodukte uit die program voortgevloei. In 2019 was daar sewe nuwe koring-, twee gars- en drie hawerprodukte en 2020 het nege nuwe koringvariëteite opgelewer. In 2021 het vyf nuwe koringprodukte en een hawerprodukt die lig gesien. 2022 was tot dusver die vrugbaarste jaar met 13 nuwe koringvariëteite, een hawervariëteit en 46 sojaboonprodukte wat op die kultivarlys geplaas is. In 2023 het daar sewe nuwe koring-, een lupien- en 25 sojaboonprodukte bygekam.

Wat tegnologie betref, was daar ook beweging in die mark sedert 2018 en is Intacta Roundup Ready 2 PRO® en Conkesta E3® goedgekeur. Volgens Bennett word daar tans proewe gedoen met die oog op die indiening van die HB4® Soy-tegnologie vir regulatoriese goedkeuring. "Die graanbedryf implementeer 'n innoverende manier om kultivar- en tegnologie-ontwikkeling in oopbestuifde gewasse te befonds. Die vrystelling van nuwe kultivars en tegnologie beteken dat maatskappye geloof in die SACTA-sisteem toon wat beteken dat hulle

die vrymoedigheid het om te investeer in die duur registrasieprosesse.

"Die vereistes verbonde aan die regulatoriese registrasieprosesse dra by tot die geweldige koste wat maatskappye moet aangaan om nuwe produkte na die mark te bring. Die teling-en-tegnologieheffing help saadmaatskappye om hierdie koste te dra en maak dit vir hulle moontlik om nuwe produkte en tegnologie aan die Suid-Afrikaanse produsent te bring," het hy verduidelik.

Sandile Mahlangu, transformasiebestuurder by SACTA, het in sy terugvoer gesê dat 20% van die inkomste uit die heffings aangewend word vir die ontwikkeling van nuwe toetreders tot die graanbedryf. "SACTA voorsien 'n lening eerder as 'n skenking."

Prof Ferdi Meyer, besturende direkteur van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP), het uitgelig dat die Suid-Afrikaanse graanbedryf die afgelope klompie jare ongelooflike groei in produksie getoon het en dat die bedryf nou 'n kortkop bo lande soos Brasilië en Argentinië uitstaan. Hy het die groei toegeskryf aan die feit dat produsente toegang het tot nuwe kultivars en tegnologie danksy SACTA en die werk wat deur die agentskap verrig word.

Hy het egter beklemtoon dat verbeterde produksiepraktyke wat op plase geïmplementeer word asook Suid-Afrikaanse produsente se aanvaarding en gebruik van tegnologie net so 'n groot rol gespeel het in die groei.

"Die gunstige weersomstandighede wat die vorige seisoene in die grootste gedeelte van die somerproduksiestreek geheers het, saam met bewerkingsmetodes en nuwe variëteite het oor die afgelope



Andrew Bennett het verduidelik hoe die heffings wat ingesamel is, verdeel word. 75% word uitbetaal vir ontwikkeling en navorsing en 25% word gebruik vir transformasie en administrasie.



Dr Tobias Doyer; Tom van Rooyen (Graan SA-raadslid); prof Ferdi Meyer (besturende direkteur van BFAP) en Andrew Bennett tydens die SACTA-inligtingsgeleentheid wat in Pretoria gehou is.

vyf jaar 'n groot bydrae gelewer tot die verhoogde produksie in graanverbouing," het hy gesê.

Volgens prof Meyer toon navorsing dat Suid-Afrikaanse produsente voorlopers is in die wêreld met die aanvaarding en gebruik van nuwe tegnologie. "Ons produsente is egter ook krities en implementeer slegs daardie tegnologie wat 'n doel dien en waarde toevoeg."

Aspekte wat aandag moet kry in die ontwikkeling van nuwe sojaboonprodukte vir die toekoms, is onder meer korter groeiseisoenlengte en verbeterde droogteverdraagsaamheid, het prof Meyer uitgewys. "Variëteite met 'n korter groeiseisoenlengte wat meer bestand is teen droogte sal produsente help om verskillende kultivars in 'n pakket te plant om so die produksierisiko's beter te mitigeer." ●

Pêrels vir die vrou

Marisa Badenhorst,
Revive Our Hearts South Africa



Buitengewoon gewoon

Vir sommige mense word daar standbeelde opgerig. Vir baie merkwaardige mense sal daar egter nooit 'n standbeeld opgerig word nie, want hulle was in die oë van die wêreld net te gewoon.

Daar is baie "gewone" mense vir wie ek in my hart 'n standbeeld oprig. Een van hulle is my skoonma. Ma Emma was 'n doodgewone vrou wat doodgewone dinge buitengewoon gedoen het.

Wanneer Jannie du Toit sing van "Eenvoud is die vreugde van die lewe, dit is gee en neem net wat daar is, dit is dankbaar eet van elke skewe snytjie brood wat liefde is ...", wonder ek of hy my skoonma geken het. Die blink van die lewe het haar nooit beïndruk nie. Veel eerder was sy tevrede en dankbaar vir "elke skewe snytjie brood". In haar liefdevolle hart kon jy maklik nesmaak. Enigeen was welkom aan haar tafel – van die tegnikus wat iets kom regmaak het tot die hawelose wat ongenooi by die voordeur opgedaag het. As sy nóg 'n bak beskuit of nóg 'n ete kon aflewer; nóg 'n keer kon dien of nóg 'n keer kon doen, was sy gelukkig. Op haar begrafnis was dit vir my 'n eer en voorreg om 'n eerlike huldeblyk aan 'n buitengewone, merkwaardige vrou te kon lewer.

In ons dag gaan "gewone goed" maklik ongesiens verby. Buitengewone sukses, buitengewone avonture op sosiale media, buitengewone bekendheid, rykdom of skoonheid trek die aandag. Ons trap selfs in die strik om te dink dat gewone lewens selfs sonder 'n lewensdoel kan wees.

Dit is egter in die gewone dinge waar diep kosbaarhede gevind word. "Liefde, vrede, vreugde, geduld ..." sê Galasiërs 5:20. Die rykdom van 'n stabiele huwelik, die geborgenheid van 'n oerhuis, gesonde verhoudings, die eenvoudige dien van die Here – dit is alles dinge wat nie deur geld gekoop kan word nie. Dit is dinge waarvoor daar nie noodwendig akkolades ontvang word nie, maar wat die ruimte vir ander skep om buitengewoon te floreer.

"Eenvoud is die vreugde van die lewe." Ons almal moet elke dag in die "gewone" leef. Ek het 'n stille bewondering vir mense wat die gewone buitengewoon doen. Dit is 'n lewenskuns. ●

